SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

NASIONALE KANTOOR
NATIONAL OFFICE

t: 012 436 0900 / e: saou@saou.co.za / w: www.saou.co.za

Nasionale Nuusbrief / National Newsletter

31/2019

30/07/2019

GRATIS SAOU GESKENK Maak jou keuse	FREE SAOU GIFT Exercise your choice
Die SAOU versoek hiermee lede om 'n keuse te maak met betrekking tot die gratis SAOU geskenk vir 2020 teen Donderdag 22 Augustus 2019 om 16:00. Neem asb. kennis dat indien 'n lid nie 'n keuse uitoefen nie, sal die terugvalkeuse die SAOU tentkalender wees. Klik hier om Nasionale Nuusbrief 28 af te laai, om voorbeelde van die keuse van geskenke te besigtig, asook om u keuse uit te oefen.	The SAOU herewith requests members to exercise a choice in regard to the free SAOU gift for 2020 by Thursday 22 Augusts 2019 at 16:00. Please take note that if a choice is not exercised, the SAOU tent calendar will be the automatic default choice. Click here to download National Newsletter 28 to view examples of the choices of gifts, as well as to exercise your choice.
EVALUEER ONS DIENS	**EVALUATE OUR SERVICE**
Soos in vorige jare word lede versoek om die vraelys van 9 vrae te voltooi. Dit behoort 'n maksimum van 5 minute te neem. Dit is vir die SAOU belangrik dat elke lid die vraelys voltooi. Neem kennis, om 'n groter getal deelname van lede te verseker is die vraelys tot **20 September 2019** beskikbaar. Klik hier om Nasionale Nuusbrief 25 af te laai, om die vraelys te voltooi.	As in previous years, members are requested to complete the questionnaire. A maximum of 5 minutes will be required. It is important that every SAOU member should complete the questionnaire. Note that, in order to ensure a greater member response, the questionnaire will remain open until **20 September 2019**. Click here to download National Newsletter 25 to complete the questionnaire.
ONDERSOEK	**INVESTIGATION**
Sedert verlede jaar het daar van tyd tot tyd onbevestigde berigte die rondte gedoen dat daar 'n klag gelê is teen sekere bestuurslede van die SAOU en dat daar 'n polisie-ondersoek hangende is. Die Nasionale Dagbestuur (NDB), bestaande uit die president en nege provinsiale verkose voorsitters, het hierdie berigte in 'n baie ernstige lig beskou en op	Since last year unconfirmed reports were made that a case was opened against certain members of the management of the SAOU and that a police investigation is pending. The National Standing Committee (NSC), comprising the president and the elected chairpersons of the nine provinces, viewed these reports in a very serious

verskeie geleenthede navraag gedoen met betrekking tot die waarheid daarvan, al dan nie, en is telkens deur senior offisiere van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) verseker dat daar geen rekord van sodanige ondersoek bestaan nie. Die SAOU het tot op datum hiervan ook nie enige formele navraag of besoek van enige polisiebeampte in verband met 'n beweerde ondersoek ontvang nie. Op grond van hierdie gebrek aan enige kontak met die SAPD, asook die ontkenning wat ontvang is, het die verkose leierskap die gerugte in die openbaar ontken.	light and on several occasions enquired with the SA Police Services (SAPS) in regard to the legitimacy of such reports. The SAOU was in all cases assured by senior SAPS officers that no record of such investigation could be found on their records. To this day, the SAOU has not received any formal enquiry or visit from any police officer in connection with an alleged investigation. Because of this lack of any contact with the SAPS, as well as the non-confirmation, the elected leadership publicly denied the rumours.
Op Vrydag 27 Julie 2019, en tydens 'n heeltemal onverwante roetine navraag by die bankiers van die SAOU, het dit geblyk dat daar wel ondersoek gedoen word na die finansiële sake van die SAOU en is sekere finansiële inligting reeds deur die bankiers aan die Polisie oorhandig.	On Friday, 27 July 2019, and during a completely unrelated routine enquiry with the bankers of the SAOU, it appeared that the financial affairs of the SAOU are being investigated and certain financial information had already been provided by the bankers to the Police.
Die NDB verwelkom hierdie ondersoek deur die Polisie aangesien dit nou die geleentheid bied om alle gevraagde inligting aan die polisie deur te gee sodat daar eens en vir altyd klarigheid kan kom met betrekking tot die kwaadwillige en valse bewerings van oneerlikheid, diefstal en bedrog.	The NSC welcomes this investigation by the Police as it now offers the opportunity to provide all the requested information and to finalise the uncertainty in regard to the malicious and false allegations of dishonesty, theft and fraud once and for all.
Die SAOU het absoluut niks om weg te steek nie en het reeds uit eie beweging met die SAPD kontak gemaak om hulp en bystand ten opsigte van enige ondersoek aan te bied.	The SAOU has absolutely nothing to hide and has already made contact with the SAPS to offer assistance regarding any investigation.
Die NDB glo dat dié aangeleentheid binnekort gefinaliseer sal word.	The NSC believes that this matter will be finalised shortly.